

J. Chr. Boetzee

SPRAAKGEBREKE.

Deur

D. J. SMAL,

(Hoof van die Afrikaanse Toneelskool, Pretoria.)

'n Nuttige Wegwyser vir Onderwysers,
Toneelspelers en alle
Publieke Sprekers.

673P.

FRIJS 2/-

NOORDELIKE DRUKPERS MAATSKAPPIJ, BEPK.

A

439.3615

SMA

SPRAAKGEBREKE.

Deur

D. J. SMAL,

(Hoof van die Afrikaanse Toneelskool, Pretoria.)

'n Nuttige Wegwyser vir Onderwysers,
Toneelspelers en alle
Publieke Sprekers.

PRIJS 2/-

NOORDELIKE DRUKPERS MAATSKAPPIJ, BEFK.

G7110085

SPRAAKGEBREKE

INHOUD.

	Bls.
Voorwoord	I
Aan Kunstenaars en Kunsliefhebbers .	II
Aan Skrijwers	IV
Aan Almal	VI
Spraakgebreke en Spraakmisbruik . .	1
Die Toekoms van die Afr. Toneelkuns .	26

VOORWOORD.

Dit was 'n goeie gedagte van Mnr. D. J. Smal om die aandag van jong mense wat in die publiek optree as voordraers of sprekers, te vestig op algemeen voorkomende foute in die uitspraak van Afrikaans. Nou dat Afrikaans meer en meer gebruik word as kultuur- en kunstaal, is dit noodsaaklik dat ook in hierdie opsig moeite oestee word aan die uiterlik daarvan. 'n Taal wat die pretensie het om as draer van 'n sekere beskawing op te tree behoort ook self 'n beskaafde klank te laat hoor.


Net so aktueel is ook die bespreking oor die Afrikaanse Toneelkuns. Dit is nog maar pas aan 't opkom, maar die vol sale bij die opvoering van Afrikaanse toneelstukke is 'n bewijs dat die publiek behoefte daaraan het. En dan is dit gewoonlik nog maar amateurs wat speel. Hoeveel meer bevrediging van daardie intellektuele behoefte mag ons dan nie verwag nie as ons eers Afrikaanse beroepsspelers het, wat hulle ernstig geoefen het in die weergee, op natuurlike wyse, van die Afrikaanse volkslewe.

Die toneel, mits goed opgevat en doelmatig aangewend, is 'n skool vir die groot publiek, waar alles wat in die mensehart en menselewe omgaat vir hulle vertoon word, nie slegs tot vermaak nie, maar ook tot lering. Maar daarvoor is nodig dat ons in die besit moet geraak van 'n

die nasionale toneel, nasionaal nou nie in politieke sin nie, maar in die sin van passend vir die Afrikaanse volkslewe en strewende.

Mag die geskrif van Mnr. Smal, en die oprigting van die Afrikaanse kultuurvereniging en Toneelskool ons op die pad help om daartoe te geraak.

O. van OOSTRUM.



INLEIDING.

'N WOORDJIE AAN KUNSTENAARS EN KUNSLIEFHEBBERS.

Kunstenaars en kuns liefhebbers sluit eintlik ons hele Afrikaanse publiek in.

Onder kunstenaars word begryp almal wat hulle steentjie bybreng tot die gebou van ons opkomende letterkunde, sang, musiek-, skilderkuns en alle ander kunsvorms—ook die wat nog maar deur een of twee „stemme in die woestijn” beoefen word, soos b.v. die beeldhou- en boukuns. Ook ons liefhebberij toneel—ofskoon die tot hier toe nog maar loutere amateurswerk is—kan nou, met die totstandkome van die Afrikaanse Kultuurvereniging en Toneelskool, verwag word dat dit binnekort die naam van Toneelkuns sal verdien, en verstout ek mij dus om ons toneeldiletante ook met die benaming, kunstenaars te vereer.

Kunsliefhebbers noem ek almal, wat in mindere of meerdere mate een of ander van dié kunsvorms aanmoedig of liefde daarvoor voel. Die kring van kunsliefhebbers word tamelik wijd, as ons dus ook almal, wat die pogings van ons toneelgeselskappe ondersteun, daarby insluit.

Tot al diesulke dan wil ek hier 'n woordjie van opwekking rig en die rede noem waarom ek tot die uitgawe van hierdie brosjure oorgaan.

* * *

DIE DOEL.

Oogmerk van die skrywer met hierdie uitgawe is hoofsaaklik om in geringe mate bij te dra, om in wijere kring die strewé van die Afrikaanse Kultuurvereniging en Toneelskool te bevorder. Waar die tweetal lesings wat hier volg 'n poging is om, onderskeidelik, die Afrikaanse spreektaal beter te laat beoefen en te suiwer en meerdere belangstelling op te wek vir die beoefening van ons Toneelkuns, sal dit seker nie van onpas wees nie, om hier die doel en strewé van meergenoemde Vereniging in te vleg:

Die doel van die Vereniging is die bevordering van die Afrikaanse taal, lettere, kuns en kultuur.

Ter bereiking van die doel, bejwer die Vereniging sig om:

(a) Toneelstukke van opbouende strekking en letterkundige waarde op te voer;

(b) Deur voordragkonserte te help om die Afrikaanse sang, musiek en digkuns bekend te maak en waardering daarvoor op te wek;

(c) Op ander wyse bij te dra om alle Afrikaanse kunsvorms populêr te maak;

(d) Deur die instandhouding van 'n Toneelskool

bij te dra tot die suiwerheid van taal en uitspraak ;

(c) Deur die uitskrywe van prysvrae die voortbrenging van goeie, veredelende toneelstukke aan te moedig ;

(f) Deur al die middele 'n eie, hoogstaande Afrikaanse kultuur te skep en te bevorder.

Die Bestuur van die vereniging bestaan uit :

Voorsitter, mnr. Gustav. S. Preller (Sub-Editeur „De Volkstem”); onder-voorsitter, mnr. H. J. Pierneef (Kunsskilder); Sekretaresse, mevr. A. E. Carinus-Holzhausen, B.A. (voorheen Prinsipale Hogere Meisiesskool, Bethlehem), 326 Boomstraat, Pretoria; Regisseur en Prinsipaal mnr. D. J. Smal (Sub-Editeur „Ons Vaderland”); verder mej. B. Minnaar (Penningmeesteres), mej. S. Faure, mevr. A. C. Kearney en die here W. Dreyer (Hulp-Sekretaris), J. Morgan en W. Stoltz.

* * *

AAN SKRIJWERS.

Die woordjie aan ons skrywers kan ek in geen geskikter gedaante giet nie as om hier 'n artikel-tjie oor te druk uit „Ons Vaderland”, onder die hoof: „Ons skrywers doodgeswig :

„Voor ons lê 'n taamlike stapel nuwe uitgawes wat wag op 'n beurt om vir resensie in aanmerking te kom. Lê ons 'n besoekie af bij ons kollega's van „De Volkstem” en „Spectator”, dan bemerk ons dat ook hulle nie in staat is om 'n beskouing te gee oor elke nuwe boek, sodra dit verskijn nie. Ons kan dit eenvoudig nie behartig nie, en moet wag tot ons 'n tjdjie kan maak daarvoor. Met 'n blote aankondiging wil ons nie altyd volstaan nie, en so gebeur dit dikwels, dat

nuwe boeke die lig sien, sonder dat die lesers daarvan kennis dra.

Dis baie jammer. Die Afrikaner-leserskring is alreeds so beperk, dat ons nie nog kan toelaat dat al was dit 'n dosijn lesers, wat so'n boek sou aangeskaf het, onwetend gelaat word omtrent die verskijne daarvan.

Die Kultuurvereniging meen 'n oplossing gevind te hê. Die vereniging tel nou al onder sij lede van die mees ontwikkelde Afrikaners, ook op letterkundige gebied, en hulle het nou die volgende maatreël getref, om te verhinder dat skrywers langer—sonder opset weliswaar—sal dood geswig word:

Behalwe die resensie-eksemplaar, wat gewoonlik aan die koerante gestuur word, stuur die skrywers wat wil 'n eksemplaar aan die Kultuurvereniging, Bus 27, of 326 Boomstraat, Pretoria. Die Vereniging wijs dan een van sij lede aan wat ekspert is op die onderdeel van die letterkunde waaronder so'n boek val, b.v. digkuns, geskiedenis, toneel of wat ook al. Die lid skrijf 'n resensie wat as die beskouing van die Kultuurvereniging gestuur word aan die vernaamste koerante.

Skrywers word dus weer gevra om die vereniging te voorsien van 'n eksemplaar van hulle nuwe uitgawes.

Mag ons ook hier hulle versoek onderskrijf, om vir hulle Leeskamer 'n eksemplaar te mag bekom van alle boeke wat daar al in die Afrikaanse letterkunde verskijn het. Dit is nodig dat ergens 'n volledige versameling van die aard sal bestaan en dis buitendien 'n reklamemiddel om

die werke van ons skrywers meerdere bekendheid te laat erlang.

Die sekretaresse deel ons mee dat enkele skrywers bereids gehoor gegee het aan hul eerste oproep en reeds van hul boekies gestuur het, en hul ook al laat inskryf het as ere- of kunsliewende lede. Maar die bestuur wil graag al wat 'n skrywer, kunstenaar of kunsliefhebber is hê as ere-lid.

Stuur a.u.b. uw naam en adres aan die Sekr. mevr. A. E. Carinus, 326 Boomstraat, Pretoria."

* * *

AAN TONEELSPELERS EN PUBLIEKE SPREKERS.

Die wenke in die twee lesings vervat is maar 'n beskeie voorligtinkie aan toneelgeselskappe, wat onwillekeurig sonder deskundige leiding in die onsekere moet rondtas. Dit is egter niks meer as die A. B. C. van die belangrike studie van welsprekendheid nie. Alle publieke sprekers, nl. toneelspelers, onderwysers, predikante, ens. raai ek sterk aan om die boek van O. van Oostrum, „De Kunst van lezen en Voordragen", aan te skaf. Daar is 'n man, wat met gesag oor dié onderwerp praat.

* * *

AAN ALMAL.

Elkeen wat begerig is om die Afrikaanse kultuur op die een of ander wyse te ondersteun, kan dit nie beter doen nie, as deur kunsliewende of ere-lid van die Afrikaanse Kultuurvereniging to word.

DIE SKRIJWER.

Pretoria, Oktober, 1920.

SPRAAKGEBREKE en SPRAAKMISBRUIK.

(Lesing gehou in die Susannasaal, Pretoria op 31 Augustus 1920, onder beskerming van die Christelike Jongeliedevereniging, die S.A. Vroue-Federasie, die Afr.-Holl. Leesunie en die Afr. Kultuurvereniging).

Spraak is die mees opvallende eienskap wat die verskil tussen die mens en die redelose dier kenmerk. Die spraakvermoge is seker die skoonste gawe wat die mens besit.

Luister na 'n spreker wat volkome beheer het oor sij stembande; bevind u onder die geklank van 'n kanselrede, wat kunstig deurkruis is met die kleurrijke klanke van 'n woordetékenaar; neig uw oor tot die bekorende gekweel van die soetvloeiende lied van van 'n ge oefende sangeres; of vergun die lieflike, besielende akkoorde van 'n koorgesang om uw oor te streel!

As u 'n siel besit vir gevoel, vir gewaarwording, vir aandoening, kan u nie anders as om, in uw gedagte, in die hande te klap van innige voldoening, en die naam te loof van die Skepper van die heelal, Wat die mens, die meesterstuk van Sij skepping, net so 'n skone gawe, so 'n toorkrag

van sielsuiking, so'n wonder-instrument bedeeft het. Is dit waar of nie?

En hoe gebruik die mens dié gawe? Doen hij dit altijd tot eer van die Hemelse Gewer? So nie, dan is dit die eerste en die grootste spraakgebrek.

Ons onteer nie ons Skepper net deur ons spraak aan te wend om ons naaste te vervloek of te belaster, of die Hemelse gawe te misbruik om onweloweglike taal te besig, of kwade samesprekinge te voer, of straatliedjies van ligsinnige en sedelose strekking te sing nie. Ja, daardeur in die eerste plaas.

Maar ook op die alleronksuldigste wyse besondig ons ons aan (met eerbied gesê) belediging van ons Skepper, deur die gawe te verwaarloos, of na te laat om dit tot die mees moontlike bruikbaarheid te laat gedij.

Sou uw vriend of vriendin gevlei voel, wanneer hij u 'n mooi skeermes, wanneer sij u 'n pragtige silwer skottel present gegee het, en hij moet sien dat die skeermes in die vuilnisbak lê—sij moet sien dat die skottel in die watervoor lê en verroes? En is dit nie presies wat ons almal elke dag van ons lewe doen nie, wanneer ons nalaat om ons stem oordeelkundig te gebruik?

Weer, die stem is die gereedskap van sommige mense. Wat die saag is vir die skryfwerker, die hamer vir die wamaker, die graaf vir die tuinier, die ploeg vir die landbouer, die pen vir die joernalist, dit is die stem vir die predikant, die onderwyser, die advokaat, die politikus en ander publieke sprekers.

Wil eersgenoemdes alle moontlike voordeel trek uit die gebruik van hulle gereedskap, dan sal die

skrijnwerker toesien, dat hij nie op spijkers of op 'n ijsterklip saag nie; die wamaker sal nie sijn stuk werk belemmer, deur in doller woede die wiel tot spaanders te staan en moker nie; die joernalist sal sijn pen in toom hou, as hij nie in die lasterhof wil beland nie.

En laasgenoemde, wat van hulle spreekorgane afhang vir hulle lewensonderhoud? Hoe menige predikant en onderwyser is nie vroegtijdig ongeskik vir sijn beroep nie, deurdat hij nooit voorsiening gemaak het, of hom nooit die geleentheid gebied werd, om kundigheid in die gebruik van sijn stem deelagtig te word nie?

Die vergelyking word nog skerper, wanneer ons bedenk, dat die skrijnwerker weer 'n nuwe saag kan koop; die skade van die wamaker betreklik gering is; en die joernalist daarvan afkom met 'n apologie, of £100 wat die drukpersmaatskappij betaal; terwyl 'n uitgewerkte spreekorgaan 'n onherstelbare verlies beteken!

Onwetenskappelijke stemgebruik is nie alleen fisiologies 'n gevaar, deurdat die orgaan belemmer en waardeloos gemaak word nie; dis ook ekonomies misdadig, deurdat baie tyd, geld en arbeid bestee word om kennis te versamel, wat nie meer vir die besitter vruggewend is nie, sodra die stem ingee; op kunsgebied is die ongeoefende stem skadelik, deurdat die krassende, hese skrilheid, of die dowwe gemompel die oor onaangenaam aandoen, en sodoende verveel en afstoot; of dit verban die aandag, deur die herhaalde eentonige, verwelende, slaapwekkende tone; ook in praktiese uitwerking kan die resultate maar net nadelig wees.

Maar die allerbelangrijkste punt is dat die spreker, wat hij mee te dele het, sò voordra, dat dit die oor van die hoorder sal binnedring. Immers, hij spreek om g e h o o r te word. Daartoe moet die stem aantreklik en welluidend wees.

Die stem en die spreektoon, waarmee algemene kennis, belangrijke ontdekkinge, gewigtige leerstukke en leerstellige waarhede aan die hoorders meegedeel word, moet sorgvuldig bestudeer en beoefen word. Ook iemand wat nie met 'n natuurlike skoonklinkende stemgeluid bedeel is nie, kan deur stelselmatige oefening oneindig veel aan sijn stem verbeter.

Iemand met 'n lang Franse naam, wat ek nie kan uitspreek nie (La Rochefaucald) het tereg gesé: „Daar is meer welsprekendheid gelege in die spreektoon, as in die wordekeus. Neem ons die gesegde as steekhoudend aan, dan geraak ons tot die slotsom, dat hoe eerder die algemene gewoonte van eentonige voordrag bij publieke sprekers oorkom, en tijd en aandag bestee word om skoonheid en buigzaamheid van die spreekstem te kweek, hoe groter sal die mag en invloed van die gesproke woord wees.

Die aanwending van stembuiging bekoor nie alleen die hoorder en verseker sijn aandag nie, maar dit werk ook weldadig terug op die spreker, daar dit sijn keel en stembande die nodige rus verskaf, wat verandering van spierbeweging te weegbreng.

Die lijdung wat menige spreker te verdure het, is te wijte aan die voortdurende gebruik van die stem op een toonhoogte en dieselfde mate van spanning.

Die posiesie is dus korteliks, dat ons predikante, onderwysers en ander publieke sprekers—van wie die meeste uitsluitend hulle stem moet aanwend vir hulle lewensonderhoud—ongeskik raak deur 'n beskadigde of vernietigde spreekorgaan en onvermijdelike verswakte gesondheid—en dit deur loutere onwetendheid aangaande die regte wyse om hulle stem te gebruik en onvoldoende oefening daarvan, meer as deur alle andere oorsake.

Dit is nie nodig nie! Want let op, dis nie so seer te veel gebruik nie, as wel onkundige gebruik van die stembande, wat verantwoordelik is vir bowegenoemde keelaandoeninge.

Is dit dus nie pijnlijk nie, om talle van nuttige en bruikbare werkers te sien ongeskik raak, en hulle gesondheid daarby inskiet, enkel en alleen deur gebrek aan die nodige kennis van, en kundigheid in, die regte gebruik van hulle spreekorgaan. Dit is des te pijnliker, as ons bedenk, dat dié betreurenswaardige toestand van sake kan voorkom word!

Is dit nie misdadig nie, so vra ek verder, dat die staat onderwysers laat oplei en hulle volpomp met waardelose teorie, oor b.v. die indeling van 'n rooster van werksaamhede vir een klas, waarmee hulle op die platteland voor 'n skool van ses klasse voel soos Dawid, toe hij in Saul se wapenrusting die reus moes te lijf gaan? Dis die soort toerusting waar ons toekomstige onderwysers in hulle opleidingskursus mee gekwel word, en die broodnodigste blij agterwege!

Onthou, daar word oordeelkundige stemgebruik vereis, as die onderwyser die aandag van die kind

wil boei, om die kennis aan hom toe te dien. Reken dus uit, wat ons onderwysstelsel aan doeltreffendheid mis, wanneer nagelaat word om die onderwyser toe te rus, ook wat die wetenskaplike gebruik van sij stem betref!

En dan die renewasie van die professionele gereedskap van die onderwyser! Vergun mij om weer hier 'n vergelyking te herhaal, wat ek maak het, toe ek 'n paar maande gelede deur 'n persartikkel, ons toonaangewende taalmense tevergeefs probeer interesseer het vir die aanwerwe van die dienste van prof. Lauwerijs vir ons wêrelddeel. Daar het ek gesê: „Die staat verplig die mijnmaatskappij om skadevergoeding te betaal aan mijnwerkers, wat deur nalatigheid en onvoldoende voorsorgmaatreëls van die maatskappij, mijntering opdoen; maar wat omtrent die onderwyser, wat deur agtelosigheid van die staat, buiten geveg gestel word, deur verlies van sij stem!”

En lij die Koninkrijk van die Heer nie (mag ek dit sê) onder die onbevoegdheid van Sij diensknegte, aan wie dit nie geluk om elke woord van hulle boodskap te laat posvat bij die hoorders nie? Hoeveel van hulle kostelike gedagtes waai nie, soos kaf voor die wind, bij die hoorders verbij nie, deurdat die gawe van meedeling en voordrag ontbreek, of liewer die aankweking daarvan versuim is!

Die politisi is 'n seksie (ek wil nie sê sekte nie) wat alleen lij onder hulle slordigheid van voordrag. As die gehoor 'n témende aspirantkandidaat toeroep dat hij kaf verkoop en dat hij moet gaan sit, lij geen ander lid van die samelewing

daaronder nie, behalwe hijsself. Dit is dan ook sij verdiende loon, en baie dinge wat hij aan die gehoor meegedeel het—liewer sou kon meegedeel het, as sij eentonigheid nie hulle aandag verdrijf het nie—is misbaar (in albei betekenis van die woord). Wat spraakgebreke betref, is hulle dus nie 'n publieke plaag nie. Die enigste raad wat ek hulle in hulle eie voordeel kan gee, is om te leer praat. Gelukkig is daar ook redenaars onder hulle.

Die enigste ander klas van openbare sprekers—met uitsondering dan nog van prokureurs en advokate—is toneelspelers, maar daarvoor anderdag.

* * *

Ek denk ons het nou ver genoeg gevorder, om oor te gaan tot aanstippe van 'n paar oorsake van spraakgebrekigheid.

Die eerste en vernaamste oorsaak is

VERKEERDE ADEMHALING.

Het U al ooit nagedenk oor die gevolge van hierdie doodonskuldige, alledaagse, natuurlike en skijnbaar onopsettelijke werking van een van die vernaamste organe van die menselike liggaam? Het u al gedenk oor die uitwerking ten voor- of nadele, wat die regte of verkeerde wijze van ademhaling kan hê op ons gesondheidstoestand? Baie van ons b.v. het daar seker nog nooit ag op geslaan nie, dat die gewoonte om in die slaap te snork grotendeels toe te skrywe is aan gebrekkige ademhaling.

Voordat dan ook iets aan spreek- of sangles kan gedaan word, moet eers aandag—en baie aandag—geskenk word aan behoorlike ademha-

ling, die toeligting waarvan eintlik 'n bietjie buite die bestek van 'n enkele lesing oor so'n wjse onderwerp as spraakgebreke moet geag word.

UITSPRAAK.

Verkeerde uitspraak is die volgende spraakleemte. Dit is die mees opvallende mankement bij gebrekkige sprekers, en tog is dit nie 'n gebrek op sigself nie, maar net die uiterlike teken van 'n menigte ander foute wat die spreekkuns belemmer. Verkeerde ademhaling is een van die oorsake van gebrekkige uitspraak. Die ander foute, wat ook meeste funksioneel is, beskou ons netnou.

Uitspraak word onder twee hoofde onderverdeel, wat ons aandui met die Latijnse woorde artikulasie en enunsiasie.

Artikulasie is die juiste beweging van die monddele in die uitspraak van medeklinkers, terwyl onder enunsiasie verstaan word die suiwere weergawe van die klinkers en vorming van lettergrepe. Dié twee funksies van die spreekorgane hou so nou verband, dat dit 'n ondeelbare geheel vorm. Die twee vul mekaar aan in die uitspraak van sowel klinkers as medeklinkers.

Wat bij slordige sprekers die meeste opval, is die neiging om die klanke ui, eu, uu en u uit te spreek as ei, ee, ie, en i. Dit pleit nie baie vir die taalliefde van die persoon wat so gebrekkig praat nie.

As ons b.v. bedenk hoe naorstig ons ons daarop toelê om vir opgevoed in Engels deur te gaan, deur 'n suiwere uitspraak van die Engelse taal deelagtig te word, dan is daar rede tot besorgd-

heid, wanneer die Afrikaanse uitspraak van die meeste van ons as toetssteen vir nasionale trots, ja selfrespek, moes geld.

Wie, wat as opgevoed wil deurgaans, sou dit b.v. waag om in Engels te sê: „De men ren out of de hous en biet hies noutie kjaild] wit a pies of wair”? En tog, dieselfde persoon, wat twee en 'n halwe nag nie sal kan slaap nie, omdat hij of sij in 'n gesprek een van die woorde in bowestaande sin verkeerd uitgespreek het, sal sonder om 'n oor te trek die volgende sê: „Die lije seen staan heeldag met sij vijf voete voor die hijs se deer en drik met sij vijs die miertjies teen die hijs se mier stikkend.”

Daar is filologe wat reken, dat die versagting van die uitspraak van klinkers in Afrikaans 'n logiese verskijsel is, en dat ons dit maar sal moet verlief neem, om genoemde klanke al hoe smaller uit te spreek, totdat dit later min of meer aan die uitspraak van die woorde hierbo genaak. Daar mag ons nooit mee saamgaan nie. Genoemde klanke is selfs in die uitspraak van 'n opgevoede Afrikaner al reeds 'n hele eindjie sagter as in Nederlands, en as ons die versekering kan krij, dat ons hulle nog baie dunner kon maak, sonder om hulle te verwar met die ander genoemde klanke, dan kon ons dit maar beproef. Maar ons is nie seker hoe na aan die vuur ons kan kom sonder om te brand nie, of liever, ons neem elke dag waar, dat daar sò oordrijf word in die teenoorgestelde rigting, dat ui, eu, uu en u heeltemal opgaan in ei, ee, ie en i. Meer nog, die twee stelle klanke wissel mekaar dikwels om. So het ek b.v. selfs al predikante hoor sê: „Peutris”, „Jeusis

Christis'', terwyl die skrywer van 'n bekende toneelstuk tweekeer praat van „pruik'', waar hij „prijk'' bedoel.

Nee, laat ons die genoemde klanke handhaaf, soos dit tot hertoe deur ontwikkelde Afrikaners uitgespreek word.

Maar die foutiewe uitspraak van dié klanke is maar net die uiterlike, die merkbare bewijs, dat daar iets met die hele uitspraak verkeerd is. As iemand dus ontdek, dat hij of sij die paar klanke verkeerd uitspreek, is dit tijd om 'n kursus in klankleer te volg, om die hele spraakwijse te verbeter.

Meer as een fonetikus soek Engelse invloed agter meergenoemde klankgebreke. Dit is gedeeltelik waar. Die „Boelander se gedroegte piere'' is daartoe seker 'n vingerwijsing. Vir ui, eu, uu en u kan ons nog 'n rede vind, wanneer die verkeerd uitgespreek word: dis nl. slordigheid, agtelosigheid, luiheid; maar „ieseltjies'' en „loep'' is opsettelik. Ons het dus nou ses klanke, ui, eu uu, u, oo en ee, almal klanke wat nie in die Engelse taal in gelijke gedaante voorkom nie, en wat ons rede gee om te vermoed, dat Engelse invloed in dié gevalle groteliks verantwoordelik is vir ons onbeskaafde Afrikaanse uitspraak.

Dat dit egter nie die enigste oorsaak is nie, bewijs die uitspraak van b.v. i in „pit'' „wil'', „kin'' ens.—'n klank wat in Engels tog bestaan—wat deur sommige amper soos die toonlose e in „kompeteer'', „suigeling'' uitgespreek word.

Om al die genoemde leemtes te genees, is 'n kursus in fonetiek, onder 'n bevoegde klankleerkundige toe nodig, waardeur ander foute, wat

minder in die oogvallend is, ook verhelp sal word; want wie eenkeer geleer het om sij mond te plooi vir die uitspraak van „huis”, „natuerlik”, ens., sal daardeur vanself daartoe kom, om sulke slordighede soos „lat” vir „dat”, „moet” vir „met” ens., af te wen.

En denk veral nie, dat alleen onopgevoede of onontwikkelde mense onder hierdie spraakleemtes gebuk gaan nie. Nee, ek het beroespolitici hoor praat van die „onderstening van Jong Sijt Afrika”, „Ons sal nie meer met die gespijs sikkellik nie”, ens.

Selvs onderwysers is van gebrekkige uitspraak nie gevrijwaar nie. Ek ken ’n onderwyseres in Johannesburg, wat so praat—ek ken baie, maar ek wil van die een geval ’n staaltjie vertel—sij was lid van ’n toneelvereniging, waar ek regisseur van was, en dit blij net „hijs”, „natierlik”, „seen”, „verniftig”, ens. Dit het mij huisbesoek en baie privaat les gekos om haar die uitspraak van sekere klanke aan te leer totdat mij oog op ’n goeie dag val op die leesboekie van Blok en Wessels, wat in haar besit was, en waarin die mondstande vir die uitspraak van die verskillende klanke opsettelik ge-illustreer is.

„Mij wêreld, was mij opmerking, „en ek sien jij het werklik gewet dat jou uitspraak verkeerd is! En hoe leer jij die kinders volgens hierdie voorskrifte, as jij self die klanke nie reg uitspreek nie? Leer jij hulle ook om te sê „natierlik”?”

„Nee natierlik nie”, was haar antwoord, „ek staan daarop dat hulle moet sê „natoerlik”.”

Ek wou haar toe nie ontmoedig nie maar ek het haar ’n geval vertel van ’n ou Engelse mees-